

## **Wat is geloof? (OP104)**

### **Heb 11:1-3**

**9 Oktober 2022**

Die afgelope paar weke het ons begin om na die meer praktiese gedeelte van die Hebreërboek te kyk. In Heb 10:19-20 het die skrywer sy lesers, en dus ons as gelowiges, opgewonde daarop gewys dat ons met vrymoedigheid in die heiligdom mag ingaan langs die nuwe en lewende weg wat Jesus deur Sy liggaam vir ons gebaan het. Laasweek het ons in Heb 10:35 gesien dat hy ons oproep om tog nie hierdie vrymoedigheid prys te gee nie, want dit hou 'n groot beloning in. Daardie beloning is die hoop waaraan ons as gelowiges vashou, dit is die belofte van God, en dit is om in die Allerheiligste van die ware tabernakel te mag ingaan. As ons nie ons vrymoedigheid wil verloor om daar te mag ingaan nie, beteken dit dat ons sal moet volhard. Ons sal moet volhard daarin om God se wil te doen, en soos Jakobus ons leer, beteken dit ook dat ons sal volhard in ons geloof – want geloof en goeie dade loop hand aan hand. Die manier waarop ons leer om te volhard, is deur toetse en swaarkry. Swaarkry kweek immers volharding – ook volharding in die geloof, en lei daartoe dat ons wel eventueel die groot beloning mag ontvang. In Heb 10:38 het die skrywer juis daardie bekende stelling uit Habakuk aangehaal dat 'n regverdige deur die geloof sal lewe, en in vers 39 was hy oortuig dat hy en sy lesers wel die groot beloning van die lewe sal ontvang omdat hulle glo en volhard in die geloof.

Dit bring ons by Heb 11 – daardie bekende en gewilde hoofstuk in Hebreërs. Dikwels word hierdie hoofstuk in isolasie gesien en gelees. Maar kyk net hoe begin Heb 11:1 – “Geloof, egter, is...”. Die woord “egter” maak dit tog duidelik dat wat hierna gaan volg, volg logies op dit wat dit voorafgegaan het. Ons sal dus ten minste alles wat ons in die laaste gedeelte van hoofstuk 10 geleer het in gedagte moet hou as ons na Heb 11 kyk – veral die feit dat gelowiges die lewe, oftewel die groot beloning, oftewel die Allerheiligste van die ware tabernakel, sal ontvang as hulle volhard in die geloof. Volharding in die geloof gee vrymoedigheid om langs die nuwe lewende weg in die Allerheiligste van die ware tabernakel in te gaan. Dit laat natuurlik die vraag ontstaan: Wel, wat is geloof dan? En dit is die vraag wat Heb 11 antwoord.

Die struktuur van Heb 11 is eenvoudig. In Heb 11:1-3 gee die skrywer vir ons 'n definisie van geloof. In die res van die hoofstuk, verse 4-40, gee hy talle voorbeelde van Ou Testamentiese gelowiges wat juis volhard het in die geloof. Ons leer meer oor geloof as ons hierdie voorbeelde bestudeer. Vandag wil ek bloot aandag gee aan die definisie van geloof in verse 1-3, en as die Here wil sal ons oor die volgende paar weke kyk na die voorbeelde in die res van die hoofstuk.

### Wat is geloof? (Heb 11:1-3)

Kom ons besin eers in die algemeen oor wat geloof is. Daar is verskillende maniere waarop geloof gedefinieer kan word. Ek wil maar by twee definisies stilstaan. Edgar Andrews praat van 'n objektiewe definisie en 'n funksionele definisie. Hy verduidelik die verskil tussen hierdie twee definisies soos volg: Hy sê gestel iemand vra jou om 'n definisie van 'n fiets te gee. Dan kan jy die vraag op (ten minste) twee verskillende maniere antwoord:

- Jy kan sê 'n fiets bestaan uit twee wiele, 'n raam, 2 pedale, 'n ketting en 'n stuurstang. Dit is tog 'n akkurate beskrywing van 'n fiets. Jy kyk objektief na die fiets en definieer dit deur die fiets as 'n objek te beskryf, jy beskryf die verskillende dele van die fiets. Dit is 'n objektiewe definisie van die fiets.

- Maar jy sou ook die vraag kon antwoord deur te sê 'n fiets is 'n vorm van vervoer wat deur menslike krag aangedryf word. In hierdie geval beskryf jy glad nie die detail van die fiets as objek nie, maar jy beskryf wel die funksie van die fiets. Dit is 'n funksionele definisie van die fiets.

Netso is daar ook verskillende definisies van geloof – ons kan dit definieer op 'n objektiewe manier of op 'n funksionele manier. Ek glo baie van julle het groot geword met die Heidelbergse Kategismus. In Sondag 7 Vraag 21 van die Heidelbergse Kategismus word die vraag gevra: Wat is 'n ware geloof? Die antwoord beskryf dan dat geloof uit twee dele bestaan: (1) 'n Vasstaande kennis waardeur ek alles wat God in Sy Woord aan ons geopenbaar het as waar aanvaar, en (2) 'n vaste vertrouwe dat God nie net aan ander nie, maar ook aan my, uit louter genade, slegs op grond van die verdienste van Christus, vergewing van sondes, geregtigheid en saligheid geskenk het. Dit is die Heilige Gees wat die kennis werk. Ek glo dit is duidelik: hier het ons 'n objektiewe definisie van geloof – dit beskryf vir ons die verskillende dele van geloof, soos wat die objektiewe definisie van die fiets die verskillende dele van die fiets beskryf het. Let op hoe goed die inhoud van hierdie definisie strook met die argument in Heb 10: Dit is die wat volhard in geloof, wat die lewe behou, wat met vrymoedigheid langs die nuwe lewende weg wat Jesus gebaan het, mag ingaan. Volgens die Heidelbergse kategismus is dit die wat glo wat vergewing van sondes, geregtigheid en saligheid as geskenk ontvang op grond van die verdienste van Christus.

Maar die definisie van geloof in Heb 11:1-3 is anders, alhoewel daar baie raakvlakke is met bogenoemde objektiewe definisie. Die definisie in Heb 11:1-3 beskryf vir ons die funksie of die rol van geloof. Dit beskryf vir ons wat geloof doen of bewerk. Dit is 'n funksionele definisie, soos die funksionele definisie van die fiets as 'n vorm van vervoer wat deur menslike krag aangedryf word. Daar word soms gesê geloof is 'n gelowige se sesde sintuig. Met jou vyf fisiese sintuie verstaan jy die fisiese wêreld rondom jou. Maar geloof is die sintuig wat jou instaat stel om sin te maak van die geestelike wêreld. In Heb 11:1-3 word daar vir ons vier funksies of rolle beskryf wat geloof vervul:

- Geloof gee sekerheid van die dinge wat gehoop word (v1a)
- Geloof is 'n bewys van die dinge wat nie gesien word nie (v1b)
- Vanweë hulle geloof ontvang gelowiges lof van God (v2)
- Deur geloof verstaan gelowiges (v3)

Kom ons kyk na elkeen van hierdie vier funksies van geloof.

#### Geloof gee sekerheid van die dinge wat gehoop word (Heb 11:1a)

Die eerste ding wat geloof doen is om aan die gelowige sekerheid te gee van die dinge wat gehoop word. Die woord wat hier met sekerheid vertaal word, is dieselfde woord wat in Heb 3:14 vertaal word met "geloofsvertroue": "Ons het inderdaad deelgenote van Christus geword, mits ons enduit stewig bly vashou aan ons aanvanklike geloofsvertroue". Onthou in die objektiewe definisie van geloof in die Heidelbergse Kategismus was een van die elemente van geloof "'n vaste vertrouwe". Geloof gee sekerheid oftewel 'n vaste vertrouwe. Waarvan gee geloof sekerheid? Van die dinge wat die gelowige hoop. As ons van hoop praat, dan praat ons van dinge wat nog nie vir die gelowige gerealiseer het nie. Ons praat dus van dinge wat nog in die toekoms lê. As ons Heb 10:23 onthou, dan beteken dit geloof gee sekerheid van daardie dinge waaraan ons styf moet vashou. Dit gee dus sekerheid oor die beloftes van God. Dit gee sekerheid dat ons in die Allerheiligste van die ware tabernakel sal ingaan. Dit gee sekerheid dat die dag wat ek sterf, ek direk in God se teenwoordigheid sal wees. Dit gee sekerheid ek sal met die wederkoms van Jesus 'n verheerlikte opstandingsliggaam ontvang. Dit gee sekerheid dat ek nie die finale oordeel hoef te vrees nie. Dit gee sekerheid ek sal die

ewigheid in God se teenwoordigheid deurbring. Met die sekerheid wat geloof gee, kom vrymoedigheid om in die Allerheiligste van die ware tabernakel in te gaan. Solank ek volhard in die geloof, gee ek nie hierdie vrymoedigheid prys nie.

Geloof is dus die ondersteuning wat ek as gelowige nodig het terwyl ek wag op die realisering van die dinge wat ek hoop. Heb 11:13 sê dat die Ou Testamentiese gelowiges in geloof gesterf het sonder om die beloftes te ontvang, maar hulle het dit van ver af gesien en verwelkom, en bely dat hulle uitlanders en vreemdelinge op die aarde is. Hulle het m.a.w. besef dat God se beloftes oor meer as vervulling in hierdie lewe gaan, en dit was hulle geloof wat hulle die uithouvermoë gegee het, wat hulle geleer het om te volhard, terwyl hulle wag op die vervulling van God se beloftes.

Rom 10:6-7 sê: “Maar die regverdiging deur die geloof word so verwoord: Moenie in jou hart sê ‘Wie sal na die hemel opgaan?’ – met die bedoeling om Christus af te bring – of ‘Wie sal na die onpeilbare diepte afdal?’ – met die bedoeling om Christus uit die dood terug te bring nie. Nee, wat sê dit? ‘Hier by jou is die woord, in jou mond en in jou hart’ – dit is die woord van geloof wat ons verkondig”. Die punt is dit: geloof gee sekerheid oor die dinge wat ons hoop. Daarom kan ons rustig wag op die vervulling van ons hoop. Ons hoef nie allerhande snaakse dinge te doen om die hoop te laat realiseer nie. Ons hoef nie op te klim hemel toe nie of af te daal in die onpeilbare dieptes om Jesus te gaan haal nie. Ons glo en is seker Hy sal kom. En ons glo en is seker dan sal Hy die beloning saambring (Op 22:12).

#### Geloof is ‘n bewys van die dinge wat nie gesien word nie (Heb 11:1b)

Ons het nou reeds gesien geloof gee sekerheid oor die toekomstige dinge wat nog nie gerealiseer het nie, maar waarop ons as gelowiges hoop. Maar geloof doen meer as dit: geloof gee ook aan gelowiges ‘n bewys van die dinge wat nie gesien word nie. Dit gee m.a.w. ‘n bewys van dinge wat reeds bestaan, maar hulle is nie sigbaar nie, hulle is nie waarneembaar met ons normale sintuie nie. Iemand wat nie geloof het nie, kan hulle eenvoudig nie waarneem nie – al bestaan hulle. 1 Kor 2:14 sê: “Maar ‘n niegeestelike mens aanvaar nie wat van die Gees van God kom nie; vir hom is dit immers dwaasheid, en hy kan dit nie begryp nie, omdat dit slegs geestelik beoordeel kan word”. Geloof maak dit egter vir die gelowige moontlik om die geestelike dinge van God raak te sien en dit te begryp en omhels. Soos ek vroeër gesê het: geloof is as’t ware ‘n sesde sintuig waarmee gelowiges die geestelike dimensie kan waarneem.

Iemand het dit vergelyk met twee persone wat op see is en na die horison staar. Die een persoon het ‘n teleskoop, maar die ander een nie. Die een sonder die teleskoop sien niks op die horison nie, maar die een met die teleskoop sien ‘n skip op die horison. Die skip is daar – hy bestaan. Maar dit is net die een met die teleskoop wat dit kan sien. Geestelike dinge bestaan. Maar dit is net diegene wat geloof het, wat dit kan sien. Geloof doen egter selfs meer as net om dit te sien – geloof oortuig die gelowige dat dit bestaan – geloof is ‘n bewys van die dinge wat nie gesien kan word nie.

Wat is hierdie dinge wat ongelowiges nie kan sien nie, maar waarvan gelowiges oortuig is dat hulle bestaan? In die eerste plek: God self. Ongelowiges erken God nie. Verder ook ander geestelike wesens: engele, demone. Ons het in ons bestudering van Hebreërs na baie aspekte van God se plan gekyk: Ons het gesien in die Ou Testament was daar ‘n fisiese tabernakel wat gesien kon word, maar dit was ‘n tipe van die ware tabernakel wat nie gesien kan word nie. ‘n Ongelowige kan nie verder as die fisiese tabernakel sien nie. Ons het geleer van die Levitiese priesterorde in die ou verbond, maar dat Jesus Hoëpriester is van ‘n beter verbond en dat Hy Hoëpriester is volgens die orde van Melgisedek. Ongelowiges haak hoogstens vas by die fisies sigbare Levitiese priesterdiens – dit is nou as hulle hoegenaamd daarna sou kyk. Ons het gesien Moses en Aäron was tipes wat heengewys het

na Jesus. Sonder geloof haak mens vas by Moses en Aäron net as mense wat lank terug geleef het. Ten diepste is die ding wat gelowiges raaksien en omhels as die waarheid die feit dat die Seun ware Hoëpriester is wat eenmalig die volmaakte offer gebring het. Geloof is vir hulle die bewys dat dit waar is, en hulle omhels dit.

Geloof gee vir gelowiges daardie dieper dimensie. Dit gee vir hulle die bewys dat die dinge bestaan. Hulle word oortuig daarvan, en gevolglik onderwerp hulle hulle aan wat God van hulle vra.

Kan ek net die opmerking maak: In Jak 2:19 lees ons: “Glo jy dat God Een is? Goed so. Ook die demone glo dit, en hulle bewe.” Uit hierdie vers is dit duidelik dat demone, en natuurlik dus ook die duiwel self, ook insig het in geestelike dinge, byvoorbeeld is hulle oortuig dat God bestaan. Maar natuurlik is die verskil tussen hulle en gelowiges dat hulle nie hulleself onderwerp aan God en Sy wil soek nie. Gelowiges sien die geestelike dinge, hulle sien God en Sy werk, en hulle koop in daarby, hulle word medewerkers van God in die uitvoer van Sy plan. Die duiwel en demone sien ook die geestelike dinge, maar hulle kom in opstand daarteen. Dit word nooit vir hulle ‘n bewys waarby hulle inkoop nie.

#### Vanweë hulle geloof ontvang gelowiges lof van God (Heb 11:2)

Lees Heb 11:2. Ons lees hier van “die mense van ouds”. Hierdie “mense van ouds” is natuurlik die Ou Testamentiese gelowiges. Die hoofstuk verwys tog juis vanaf vers 4 na talle voorbeelde van sulke mense uit die Ou Testament. Dit is die mense waarna Heb 1:1 verwys het: “In die ou tyd het God baie keer en op baie maniere met ons voorvaders gepraat deur die profete”.

Ons lees hier dat daar vanweë hulle geloof met lof getuig is oor die mense van die ou tyd. Daar is voorbeelde in die Bybel waar daar werklik met lof getuig word oor Ou Testamentiese gelowiges. Ons lees byvoorbeeld in Gen 5:24 – “Henog het naby God geleef”. Ons lees in 1 Sam 13:14 van Dawid dat hy ‘n man na God se hart was. Ons lees in 2 Kron 20:7 dat Abraham God se vriend was. Aldrie hierdie persone was gelowiges. Die Bybel, wat God se Woord is, getuig met lof oor hulle aldrie. God getuig dus met lof oor hulle aldrie. Die punt van Heb 11:2 is dat God met lof oor hulle getuig vanweë hulle geloof. En dit is waar vir alle gelowiges. Ons lees in Ef 2:8-10: “Want uit genade is julle verlos, deur geloof. En juis kom dit nie uit julleself nie; dit is die gawe van God. Dit kom nie uit eie werke nie, sodat niemand op iets mag roem nie. Ons is immers Sy maaksel, geskep in Christus Jesus om goeie werke wat God voorberei het, te doen, en daarvolgens te leef.” Ons word uit genade gered – juis deur geloof. Dit is deur geloof wat ons verlos word. Of soos die Heidelbergse Kategismus sê dat ons vergewing van sondes, geregtigheid en saligheid as geskenk ontvang. Maar let op: Ef 2:10 sê dat God se doel daarmee is dat ons goeie werke moet doen, goeie werke wat God self voorberei het. Hoe lyk hierdie goeie werke? Dit lyk soos Henog wat met God geleef het. Of Dawid wat ‘n man na God se hart was en dus ten minste in beginsel gestreef het om God se wil te doen. Of Abraham wat as God se vriend ook hierna gestreef het. Die feit dat hulle lof van God ontvang het, was die gevolg van die feit dat hulle geglo het – wat natuurlik ook ‘n gawe van God was. Hoe werk dit in die praktyk? God het aan hulle geloof geskenk. Omdat hulle geloof ontvang het, het God ook goeie werke vir hulle voorberei. Toe hulle die goeie werke doen, het hulle lof van God ontvang. Daarom kan Heb 11:2 sê: Dit was vanweë hulle geloof, dat hulle lof van God ontvang het.

Let op: dit is vanweë hulle geloof dat gelowiges lof ontvang. Dit is nie vanweë enige iets uit hulleself nie – dit is nie vanweë hulle erns of opregtheid of toewyding nie. Al hierdie dinge (erns, opregtheid, toewyding) is deel van die goeie werke wat God vir hulle voorberei het, al hierdie dinge is die gevolg van die geloof wat aan hulle geskenk is. Dit is vanweë hulle geloof dat God met lof van hulle getuig.

Let ook op: dit was al waar in die Ou Testament. Sedert die sondeval is die enigste manier waarop mense lof van God kan ontvang deur die feit dat hulle glo. Dit was reeds waar in die ou verbond. Ons sal dit herhaaldelik sien wanneer ons na die voorbeelde in die res van die hoofstuk kyk. Dit is net eenvoudig nie waar dat mense in die Ou Testament gered is deur wetsonderhouding nie – soos wat so dikwels geredeneer word nie. Selfs in die ou verbond is mense gered deur geloof. Geloof waardeur hulle die dinge wat nie gesien kon word nie, alreeds kon aanvaar as waar en dit omhels. Ja, sedertdien het daar baie dinge sigbaar geword: die dieper betekenis van baie van die skadubeelde van die ou verbond het sigbaar geword met die koms van die Seun. Daar was meer dinge wat die Ou Testamentiese gelowiges bloot met geloof op moes hoop, wat ons net in die geloof hoef raak te sien. Maar die meganisme om lof van God te ontvang was destyds, en is steeds, deur geloof.

### Deur geloof verstaan gelowiges (Heb 11:3)

Lees vers 3. Die vers sê: “Deur geloof verstaan ons...”. Hierdie funksie van geloof staan nie heeltemal los van die ander funksies waarna ons gekyk het nie, veral nie die tweede een wat sê geloof is ‘n bewys van die dinge wat nie gesien word nie. Die punt hier is nou dat, siende dat ons dinge deur die geloof kan sien wat ongelowiges nie kan sien nie, het dit die gevolg dat ons dinge kan verstaan. Ons het insig oor dinge wat ongelowiges nie insig oor het nie, want daar is ‘n geestelike dimensie wat hulle onbewus van is, en daarom ignoreer. In 1 Tim 4:3 beskryf Paulus die gelowiges as mense wat “die waarheid insien” – d.w.s. hulle weet wat is die waarheid en hulle verstaan dit. Natuurlik verstaan selfs gelowiges nog maar gebrekkig en net ten dele, maar hulle verstaan dinge waarvan ongelowiges niks verstaan nie.

Heb 11:3 gaan verder en gee vir ons ‘n voorbeeld: “Deur geloof verstaan ons dat die wêreld deur die woord van God geskep is”. Natuurlik is dit in lyn met wat ons in Gen 1 lees. Daar lees ons dat in die begin het God die hemel en die aarde geskep. Boonop lees ons dat God telkens gesê het: “Laat daar ..... wees”, en dan het dit so gebeur. Siende dat gelowiges die Woord van God erken as God se betroubare openbaring aan die mensdom, verstaan ons dit beteken God is die Skepper, en dat Hy geskep het deur te spreek. Presies hoe dit gebeur dat God kan spreek, en dinge ontstaan, is nie vir ons duidelik nie. Wat wel duidelik is, is dat dit so is – want God het so gesê. Hieruit verstaan ons daar was dus ‘n tyd wat die wêreld nie bestaan het nie. Daar was ‘n tyd wat daar niks was nie, behalwe God. En toe God gespreek het, het alles ontstaan wat bestaan. Ons verstaan dit.

Tot redelik onlangs het ongelowiges nie verstaan dat daar ‘n tyd was wat daar nie ‘n wêreld of heelal was nie. Tot redelik onlangs was die algemene siening onder ongelowiges dat die heelal nog altyd bestaan het. Eers redelik onlangs het hulle verstaan daar was ‘n begin. Gelowiges het dit al vir eeue lank geweet. Tans is daar baie modelle oor die ontstaan van die heelal – maar geeneen van die modelle beskryf daardie oomblik van skepping reg aan die begin nie – dit word in die modelle bloot as ‘n diskontinuiteit beskryf. Gelowiges verstaan egter wat in daardie oomblik gebeur het: God het gepraat.

Vers 3 voeg by: “Gevolgtlik het dit wat gesien word, nie uit sigbare dinge ontstaan nie”. Die stelling is tog sekerlik waar: “Dit wat gesien word” is tog sekerlik die skepping rondom ons, wat ons kan sien. God het dit uit niks geskep deurdát Hy gepraat het. Die dinge wat gesien kan word, het dus nie uit sigbare dinge ontstaan nie.

Maar ek is oortuig ons moet meer hierin lees as dit. Kom ons dink in bietjie meer detail hieroor: Voor Gen 1:1 was daar niks – net God het bestaan. Daar was dus niks om te sien nie. Gen 1:1 sê: “In die begin het God die hemel en die aarde geskep”. Toe was daar dus ‘n hemel en aarde. Maar Gen 1:2 voeg by: “Die aarde was woest en leeg, en donkerte was oor die oerwater”. Daar was ‘n hemel en

aarde, maar dit was woens en leeg en donker. Aan die einde van Gen 1:2 was daar dus iets, maar dit was moeilik om te sien, want dit was donker. Op die eerste dag het God gesê: "Laat daar lig wees!" – en daar was lig. En daarna volg die res van die skeppingsweek. Sien jy die ontwikkeling? Eers was daar niks. Toe was daar iets – die hemel en aarde, maar dit was donker, nie sigbaar nie, boonop woens en leeg. Toe het God lig geskep – en dit wat God geskep het, het sigbaar geword. Daarna bring God orde en begin om die skepping te vul gedurende die res van die skeppingsweek. Eers niks, toe onsigbaar, toe sigbaar, toe gereed gemaak vir die doel waarvoor dit geskep is.

Heb 11:3 leer ons nou dat ongelowiges beperk is tot net die sien van die fisiese skepping, maar gelowiges het beter insig en verstaan daar is meer as die fisiese skepping. God het 'n doel met die skepping – Hy wil vir Hom 'n volk voorberei om Hom te verheerlik. Dit gaan Hy bewerk deur sondaarmense te verlos deur die werk van Sy Seun.

Kom ons dink nou aan God se openbaring oor die verlossing van sondaarmense. Direk na die sondeval, was die mensdom onbewus van God se verlossingsplan. Hulle het bestaan as mense – maar a.g.v. die sondeval was alles vir hulle woens, leeg en donker – soos die skepping aan die einde van Gen 1:2. Maar dan kondig God Sy verlossingsplan aan: Een uit die nageslag van die vrou sal kom! Skielik is daar lig – soos aan die einde van dag 1 in die skepping. En dan gaan God voort en met verloop van tyd maak Hy die detail van Sy verlossingsplan al hoe duideliker – soos die skepping al hoe duideliker word gedurende die skeppingsweek. Eers stel God die ou verbond in. Die doel hiermee is om Sy verlossingsplan sigbaar te maak: 'n sigbare tabernakel, 'n sigbare hoëpriester, sigbare offers. En toe dit goed sigbaar was, stel Hy die nuwe verbond in – in al sy glorie! Maar dit is net sigbaar vir gelowiges in die geloof. Dit gaan onsigbaar by ongelowiges verby. Gelowiges se geloof is aan hulle die bewys van die bestaan van hierdie verlossingsplan wat nie gesien kan word nie. Hulle geloof is hulle sekerheid van die dele van die verlossingsplan waarop hulle steeds hoop. Dit is vanweë hulle geloof dat God met lof oor hulle getuig. Omdat hulle die goeie werke doen wat Hy vir hulle voorberei het – wat ten diepste is dat Hy deur hulle verheerlik word. Dit is deur hulle geloof dat hulle verstaan God het dit alles bewerk – deur Sy Woord – Sy Woord wat skeppingsmagtig was waardeur die fisiese skepping ontstaan het, maar ook Sy Woord, Sy Seun, waardeur daar toegang is tot die heiligdom. Dit is deur hulle geloof dat hulle met vrymoedigheid daar ingaan. Hulle het die verwagting om dan God te sien soos wat Hy werklik is, al is God gees, en al is Hy nou vir hulle onsigbaar (1 Joh 3:2). Nou sien hulle wel nog 'n geheimenisvolle beeld soos in 'n spieël, maar dan sal hulle van aangesig tot aangesig sien (1 Kor 13:12). God is voorwaar voortdurend besig om dinge meer en meer sigbaar te maak.

### Toepassing

Die vraag aan ons is: Het jy hierdie geloof wat Heb 11:1-3 vir ons beskryf? Miskien was jy ook so bevoorreg soos ek om in 'n Gereformeerde Kerk groot te word. Miskien was jy ook so bevoorreg om as't ware die Heidelbergse Kategismus saam met moedersmelk in te kry. Miskien is een van die dele van die Kategismus wat jy nog kan aanhaal juis Sondag 7 Vraag 21: Geloof is 'n vasstaande kennis en 'n vaste vertrou. Miskien het jy jousef al die vraag afgeva: Het ek die kennis? Miskien het jy al tot die slotsom gekom jy het baie kennis van die Woord – immers het jy gekatkiseer, immers het jy al na baie preke geluister. Miskien het jy jousef al die vraag gevra: Het ek 'n vaste vertrou dat ek deur geloof uit genade op grond van Jesus se offer gered is? Wel, dit is bietjie moeiliker om met integriteit te antwoord. Ek dink dit is juis hier waar die funksionele definisie van geloof in Heb 11:1-3 so nuttig is. Hier is vier funksies wat geloof vervul, vier rolle wat geloof vervul. As jy wil antwoord of jy werklik 'n vaste geloofsvertrou het, vra jousef die volgende af:

- Is jy absoluut seker van die dinge wat gelowiges hoop? Weet jy wat jy hoop? Is dit in lyn met wat Heb 10 geleer het oor wat gelowiges hoop. Is jy seker van daardie hoop? Dink jy oor daardie hoop? Is jy opgewonde oor daardie hoop? Sien jy opgewonde uit na die vervulling van daardie hoop?
- Het jy 'n bewys van die dinge wat nie gesien kan word nie? Is jy oortuig God bestaan? Hoekom? Is jy bewus van hoe God mense verlos? Is jy oortuig jy is geregverdig deurdat jy jou vertrouwe bewustelik in Jesus se eenmalige offer gestel het? Is jy oortuig jy is tans besig om bewustelik te groei in heiligmaking?
- Is jy oortuig dat God met lof oor jou getuig? Nou kan jy vra: Maar hoe sal ek weet? Onthou, God het ons verlos tot goeie werke. Sien jy die goeie werke wat God vir jou voorberei het in jou lewe?
- Verstaan jy geestelike dinge waarvan ongelowiges in die wêreld niks verstaan nie? Verlustig jy jou daarin om God se openbaring aan die mensdom te bestudeer, en vorder jy in die verstaan daarvan?

As hierdie dinge deel is van jou lewe, is dit 'n bevestiging van jou geloof. Dit is voorwaar belangrik dat ons elkeen onself sal vergewis of ons so 'n geloof in God het.